# LAERSKOOL KRUINSIG

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| VAK | : | AFRIKAANS HUISTAAL | TYD | : | 40 MIN |
| GRAAD | : | 7 | | | |
| DATUM | : | 12 MAART 2018 | Taalstrukture | : | 30 ÷ 2 = 15 |
| EKSAMINATOR | : | M. SNYMAN | Begripstoets + Visuele teks | : | 15 |
| MODERATOR | : | A. HEYDENRYCH | | | |
| | | | TOTAAL | : | 30 |

**INSTRUKSIES:**

1. Lees jou vrae deeglik.
2. Onthou spelling en leestekens.
3. Skryf met 'n BLOU pen.
4. Beantwoord alle vrae op die ANTWOORDBLAD.
5. 'n Netjiese vraestel sal in jou guns tel.

## Afdeling A : Taalstrukture

Lees die gediggies en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**VRAAG 1:**

**JUFFROU BURGER**

(1) "Tjips, hier kom juffrou Burger!"
fluister die kinders en lag hulle slap.
(2) En as juffrou Burger in die klas kom
wonder sy wat is die grap.



1.1 Gee 4 **selfstandige naamwoorde** uit sin 2 en benoem dit. (4)

1.2 Gee 2 **werkwoorde** uit sin 2. (2)

1.3 Verdeel *juffrou* (sin 1) in klankgrepe. (1)

1.4 Rangskik kolom B om by kolom A te pas deur die sin te gebruik.

*Juffrou Burger vertel altyd snaakse grappe.*

| KOLOM A | ANTWOORD | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1. Gesegde | | a) altyd |
| 2. Onderwerp | | b) vertel |
| 3. Voorwerp | | c) snaakse |
| 4. Byvoeglike bepaling | | d) Juffrou Burger |
| 5. Bywoordelike bepaling | | e) grappe |

(5)
**[12]**

## VRAAG 2:



**MENEER KOEN**

**(1)** Meneer Koen is ons skool se nuwe rooikop-prinsipaal.

**(2)** Dit was skreeusnaaks toe ons uitvind meneer Koen se naam is ... Carl!

2.1 Gee 'n **sinoniem** vir prinsipaal (sin 1). (1)

2.2 Gee 'n **byvoeglike naamwoord** uit sin 1. (1)

2.3 Skryf die eerste sin in die **toekomende tyd**. (1)

2.4 Gee die **intensiewe vorm** van *nuwe* (sin 1). (1)
**[4]**

## VRAAG 3:



**MENEER KHOFI**

**(1)** Ons sportafrigter is meneer Khofi en ek weet een ding vir seker.

**(2)** Ons skool se vreemdste sporttrofee is ... die Khofi-beker!

3.1 Gee 2 **voornaamwoorde** uit sin 1 en benoem dit. (4)

3.2 Verdeel *sportafrigter* (sin 1) in **lettergrepe**. (1)

3.3 Waarom word Khofi (sin 1) met 'n **hoofletter** geskryf, maar meneer (sin 1) met 'n **kleinletter**? (1)

**[6]**

## VRAAG 4:

**DIE PERFEKTE MONSTERBRUL**

(1) Die perfekte monsterbrul
kan 'n trein in sy spore stop,
laat rys die hare op jou kop,
so 'n brul kan die verf van die mure laat afdop!

(2) Die perfekte monsterbrul
kan die hoogste gebou platvee,
laat selfs dapper manne skree,
so 'n brul kan 'n baksteenmuur hoendervleis gee!

(3) Die perfekte monsterbrul
laat jou sidder en sweet,
en ons almal weet
so 'n brul kan jou maklik jou naam laat vergeet!

(4) Die perfekte monsterbrul
laat huil 'n krokodil,
laat selfs rofstoeiers ril
So, ou seun, dit is tyd dat jy leer om te brul!

4.1 Maak 'n beskrywende sin met die **homofoon** van rys (strofe 1). (1)

4.2 Maak 'n beskrywende sin met die **homoniem** van hare (strofe 1). (1)

4.3 Gee die **meervoude** van die volgende woorde:

a) brul (strofe 1)

b) verf (strofe 1)

c) krokodil (strofe 4) (3)

4.4 Haal 'n **onpersoonlike voornaamwoord** uit strofe 4. (1)


4.5 Skryf onderstaande sinne oor en voeg die **kommas** in.

a) *Die monsterbrul laat jou sidder beef en ril.*


b) *Voor jy loop onthou om die brul te oefen.* (2)

**[8]**

## TOTAAL : 30



# Afdeling B : Begripstoets



# Glimlag!

Jare gelede bel ek huis toe. Nanna, wat al vyf ons kinders uit die dop uit help grootmaak het, antwoord.

"Hoe gaan dit daar?" wil ek weet.

"*Just like a fish in the water, no complaints!*" kom dit, onstuitbaar soos altyd.

Die gesprek dwaal mettertyd, soos gewoonlik, tuin toe. Sy laat val dat sy 'n klomp pronkertjiesaad het wat sy by my wil kom saai. Daarvoor sal sy natuurlik 'n Kaapse draai moet kom maak. Ons sal net by Ma, haar werkgewer, verby moet kom. Maar ná soveel jare se gedeelde lief en leed verwag Nanna nie veel teenstand uit daardie oord nie.

"Ounooi, jy sê net vir die grootkoppe hier hierdie lelike ou vrou is op pad Kaap toe," neem sy die besluit sommer namens almal van ons. 'n Week later gaan haal ek haar dan ook op die Kaapse stasie. Met die uitklimslag lag en vonkel die oë; haar tassie is oudergewoonte gepak met stories, slimmighede en woorde wat afstande van alle soorte uitwis.

In die geliefde ou Weskus-mens se teenwoordigheid raak ek opnuut 'n voorskoolse kind wat die warmte wat sy met haar saamdra, indrink. Die skrywer P.J. Schoeman het eenkeer gesê as 'n kind in die groot nag van die lewe huil, jy met 'n kers na hom toe moet aanstap en nie met 'n lat nie. Dit was vir my asof hy van haar praat.

Terwyl sy die volgende dag in ons tuin werskaf, vertel sy van die jaar toe sy so breëbors was oor die pronkertjies wat aan die straatkant van die huis oor 'n heining getuimel het. "Al die verbystappers was die ene komplimente," sê sy, tuinvurk in die hand. "Maar later begin vies ek my vir almal wat vra om daarvan te pluk. Met dié dat nóg 'n vrou kom vra of sy daarvan kan kry, sê ek toe sommer dis te duur."

"Maar Nanna, blom pronkertjies nie juis méér as jy hulle pluk nie?" vra ek, verbaas dat sy wat gewoonlik so onuitroeibaar vrygewig is, so iets kon doen. Sy knik, skielik ietwat verleë. "Ja, ek besluit toe boonop om die saad die volgende seisoen liewers aan die agterkant van die huis te saai. En daar is dit toe 'n propperliese misoes!" Sy lag lekker, rangskik opnuut haar vlegseltjies netjies om haar kop.

"Ons moet maar bly deurgee, Ounooi," spit sy haar lessie in my in. "Ek was te suinig met my pilsier. Die Here werk op soveel maniere met die klein dingetjies..."

"*A person wrapped up in himself, makes a very small parcel,*" lui 'n Engelse uitdrukking. Dis seker die grootste rede waarom doodgewone hoflikheid, wellewendheid of 'n aanmoedigende glimlag nie altyd deel van ons mondering is nie. Dít terwyl almal van ons weet dat wat en hóé ons praat oor en met mekaar óf mense se lewensap aanvul óf hulle van hulle hoop stroop.

Kleintyd het baie van ons luidkeels gesing: "Laat ons skyn vir Jesus met 'n helder glans... jy in jou klein hoekie en ek in myn." Tog raak ons vlammetjies vinnig gesnuit in die aangesig van sleutels wat nie op die regte plek is nie of kinders wat nie ore het nie.

Dalk verg dit opnuut 'n wilsbesluit om ander met die lewe te help bloot deur die atmosfeer wat jy om jou skep. 'n Vrou wat vriendelik kon bly te midde van slapelose nagte met klein kindertjies, het op 'n vraag oor hoe sy dit regkry bloot gesê: "Ek sit in die oggend my glimlag op en dan trek dit deur die loop van die dag in."

*Here, help my om die goeie wat ek vandag van U ontvang, ongemerk na ander te laat deursyfer.*

5.1 Verduidelik die uitdrukking:

*"uit die dop uit".* (1)

5.2 Waarom sal hulle eers by Ma moet verby kom, voor Nanna Kaap toe kan gaan? (1)

5.3 Van wie word gepraat wanneer Nanna sê:

*"... hierdie lelike ou vrou"?* (1)

5.4 Noem 3 dinge wat Nanna in haar tas het wat nie normaalweg ingepak kan word nie? (3)

5.5 Wat beteken dit as sy **"breëbors"** was oor die pronkertjies? (1)

5.6 Waarom saai Nanna die pronkertjies die volgende seisoen aan die agterkant van die huis? (1)

5.7 Waarom word plesier as **"pilsier"** gespel? (1)

5.8 Watter twee dinge kan veroorsaak dat ons vlammetjies gesnuit word? (1)

5.9 Wat moet jy elke dag opsit, sodat ander mense ook voordeel daaruit kan trek? (1)

5.10 Waarom, sal jy sê, het die leesstuk 'n gepaste opskrif? (1)

**[12]**

## VRAAG 6: VISUELE TEKS

**Bestudeer die teks en beantwoord die vrae.**



6.1 Skryf neer wat werklik met die volgende bedoel word:

a) Mac Aroni

b) Lars sanje

(2)

6.2 Haal uit die leesstuk woorde aan wat bewys dat jy die boeke oral kan koop. (1)

**[3]**

**TOTAAL : 15**

